SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 29 MAART 2020

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

VAN DIE PRESIDENT SE LESSENAAR

TWEE KOMPETISIES IN HIERDIE WEEK

en

WEN 'N SARL LIDMAATSKAP MET MY PROJEK

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin die bulletin met nuus van twee stil sleutels.

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat die sleutel van Dot Faber ex-ZS6BDB op Sondag 15 Maart 2020 stil geword het. Dot was die weduwee van Reno Faber, ZS6OF. Ons betuig ons innige meegevoel aan die Faber-familie en vriende.

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat die sleutel van Hubert von Heynitz, ZS6HUB het stil geword na 'n kort siekte vroeër vandeesmaand. Ons betuig ons innige meegevoel aan sy familie en vriende.

POUSE

VAN DIE PRESIDENT SE LESSENAAR

Geagte lede, Met almal nou in voorbereiding vir die 21-dae Nasionale af-sluiting en die ontwrigting van ons normale lewens op 'n manier wat sommige van ons in ons leeftyd nie gesien het nie, wil ek graag 'n paar opmerkings maak oor die impak op SARL dienste.

Die kantoor is gesluit tydens die Nasionale af-sluiting. E-posse sal verwerk en beantwoord word.

Geen besluit om uitstel is gemaak met betrekking tot die RAE in Mei 2020. Ons sal jou op hoogte hou.

Verseker dat jou amateur lisensie betyds betaal is. Moet nie die Klub lisensies vergeet nie.

Op 'n positiewe noot, hierdie tyd is 'n goeie geleentheid om te bou aan ons vaardighede, raak meer aktief op die lug, begin of voltooi die projek wat jy in gedagte het en hou die belangstelling in die ondersteuning van amateur radio se toekoms. Wees verseker dat terwyl ons nie in staat is om hierdie krisis self te beheer nie, dit is die reaksie en verantwoordelikheid in die situasie wat bepaal hoe elke een van ons lewens sal ontwikkel. Maak seker dat jy die reëls en riglyne soos uitgereik deur die owerhede volg. Maak seker dat jy fokus op die welstand van jouself en geliefdes insluitend huishoudelike prioriteite.

Bly op hoogte, wees veilig en laat ons ons frekwensies aktief hou. 73, Nico van Rensburg, ZS6QL

2020/21 AMATEUR RADIO LISENSIE BETALING

Die 2020/21 Amateur Radio Lisensie fooie sal vanaf Woensdag 1 April 2020 geïmplementeer word. Radio-amateurs word herinner dat dit hul verantwoordelikheid is om te verseker dat hul lisensie op datum is. As daar vir een of ander rede geen faktuur ontvang is nie, maak seker dat OKOSA in kennis gestel is van enige adresveranderings. Maak seker dat jou Klub lisensies ook betyds betaal word (die Klub roepsein en herhalers).

Die fooie is R154 vir 'n 1-jaar lisensie; R294 vir 'n 2 jaar lisensie; R 422,00 vir 'n 3-jaar lisensie; R537 vir 'n 4 jaar lisensie en R642 vir 'n 5-jaar lisensie.

Jy het nie 'n faktuur nodig nie. Jy sal jou lisensienommer nodig hê (7 karakter nommer regs bo op die lisensie vorm) of roepsein (as jy nie jou lisensie nommer vind nie) en besluit of jy 'n 1, 2 3, 4 of 5 jaar lisensie wil hê. Op die EFT, skryf 1, 2, 3, 4 of 5 jaar lisensie en jou lisensienommer en/of roepsein! Stuur 'n e-pos aan specrev@icasa.org.za en dkuhrau@icasa.org.za met 'n afskrif van die EFT betaling. Die korrekte rekening vir jou OKOSA-Lisensie fooi is NEDBANK rekeningnommer: 14 62 00 29 27, takkode: 146245 korporatiewe kliënte dienste - Pretoria en in die verwysingsveld tik in jou lisensienommer en roepsein.

TWEE KOMPETISIES IN HIERDIE WEEK

Die eerste been van die gewilde SARL 80 m QSO geselligheid is op die lug van 17:00 tot 20:00 UTC op Donderdag 2 April 2020 met foon aktiwiteit tussen 3 603 en 3 650 kHz en tussen 3 700 en 3 800 kHz. Die uitruiling is 'n RS-verslag, jou roepsein en jou naam. Jy verdien 10 punte vir elke QSO met 'n Suid-Afrikaanse stasie en 15 punte vir 'n QSO met a stasie buite Suid-Afrika. Logstate in Ms Excel formaat alleen moet teen 9 April ingedien word na zs5lp@vodamail.co.za. Die reëls is op bladsy 30 van die Blouboek.

Die eerste RaDAR Uitdaging van 2020 vind plaas van 00:00 UTC tot 23:59 UTC op Saterdag 4 April 2020. RaDAR operateurs definieer hul eie bedryf skedule vir die maksimum, enkele tydperk, vier uur sessie. GG, ESB, FM of enige wettige amateur radio digitale modus kan gebruik word op alle amateur bande insluitend kruis band kontakte via amateur radio satelliete. Die uitruiling is jou roepsein, jou naam, 'n RS of RST verslag en jou ruitvierkant. Logstate moet ingedien word teen 11 April 2020 per e-pos aan edleighton@gmail.com. Kry al

die inligting op bladsy 27 van die Blouboek. Weens die Nasionale af-sluiting sal jy vanuit jou tuin moet werk.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

WEN 'N SARL LIDMAATSKAP MET MY PROJEK

Jou projek kan vir jou lidmaatskap van die SARL vir 2020/21 wen. Met 21 dae van af-sluiting is daar tyd vir projekte (uitgesluit sny van die grasperk of die verf van die badkamer). Die redakteur van Radio ZS is op soek na 'n artikel met foto's en diagramme van jou projek vir die Mei en Junie uitgawes van Radio ZS. Die beste artikel elke maand sal toegeken word met 'n SARL lidmaatskap vir die nuwe finansiële jaar. Kry die inligting op bladsy 10 van die April 2020 Radio ZS.

WIE IS SARAH?

Die April 2020 Radio ZS sal jou bekendstel aan Sarah, lees alles oor haar op bladsy 11, sy gaan jou amateur radio werking verander! Ons vertel jou oor hoe om die jeug tot amateur radio aan te trek, die SARL Hamnet werkswinkel, die Weskus Radiogroep se jakkalsjag en 'n outomatiese antenna skakelaar. Daar is notas vir amateur radio draagbare werking, inligting oor die IARU Streek 1 Bedryf toekenning en ons vra een sekering of twee?

Daar is 'n gekoppelde dipool vir draagbare werking, 'n lus vir 432 MHz, 'n draagbare QRP-antenna en ons bespreek dipole versus vertikale. Wat is 'n hoë-spoed telegrafie? Ons besoek Hobby-X en meer in hierdie uitgawe van Radio ZS wat vanaf Maandag 30 Maart beskikbaar sal wees vir aflaai.

DIE VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE SARL WOENSDAG 80 M KLUB NAELLOOP

Drie en vyftig logstate is ontvang vir die tweede been van die SARL 80 m Klub Naelloop gehou op 18 Maart 2020 met 996 QSOs gereflekteer. Die uitslae is in HF Happenings 892.

1ste Boland ARK – 1 038 punte (21 logstate)

2de Wesrand ARK – 958 punte (18 logstate)

3de Hibiscus ARK - 150 punte (3 logstate)

Die uitslae na twee bene van die Naelloop.

1ste Boland ARK – 1 980 punte

2de Wesrand ARK – 1 974 punte

3de Bo-Karoo ARK – 460 punte

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar geen sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Met die onlangse dag-en-nag-ewening kan radio amateurs veral laatmiddag goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Daar mag selfs ook 'n paar 10 m openinge wees. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag tot middernag UTC - die CQ WPX ESB kompetisie

2 April – die SARL 80 m QSO geselligheid

4 April – die RaDAR uitdaging

10 April - Goeie Vrydag

12 April – Paassondag

13 April – Familie dag

18 April - Wêreld Amateur Radio Dag; die Herfs QRP Naelloop en die ZS4SRK ballon kompetisie

19 April – die ZS4 Naelloop

21 en 22 April - die Lyrids meteor stort

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Geagte lede, Met almal nou in voorbereiding vir die 21-dae Nasionale af-sluiting en die ontwrigting van ons normale lewens op 'n manier wat sommige van ons in ons leeftyd nie gesien het nie, wil ek graag 'n paar opmerkings maak oor die impak op SARL dienste. Die kantoor is gesluit tydens die Nasionale af-sluiting. E-posse sal verwerk en beantwoord word. Geen besluit om uitstel is gemaak met betrekking tot die RAE in Mei 2020. Ons sal jou op hoogte hou. Verseker dat jou amateur lisensie betyds betaal is. Moet nie die Klub lisensies vergeet nie.

Op 'n positiewe noot, hierdie tyd is 'n goeie geleentheid om te bou aan ons vaardighede, raak meer aktief op die lug, begin of voltooi die projek wat jy in gedagte het en hou die belangstelling in die ondersteuning van amateur radio se toekoms. Bly op hoogte, wees veilig en laat ons ons frekwensies aktief hou.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7,082 kHz laer syband en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending by Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3,620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die nuus span, bly gesond, gehoorsaam die regulasies en die beste wense vir die week vorentoe.